



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe hieronder.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 1


1.1 **DIT WAS 'N MOEILIKE TYD IN MY LEWE**

Jy het 'n baie moeilike tyd in jou lewe deurgemaak.

Skryf 'n opstel waarin jy hierdie moeilike tyd beskryf of vertel wat gebeur het en hoe jy die situasie hanteer het.

Dink aan die volgende:

- Wat het jou lewe so moeilik gemaak?
- Wanneer het hierdie moeilike tyd in jou lewe begin en hoe lank het dit aangehou?
- Hoe het jy deur die moeilike tyd gekom?
- Watter les het jy uit jou moeilike situasie geleer?



[Uit: *Clipart*] **[40]**

1.2 **EK IS DIE HOOF VAN 'N SKOOL**

Jy is die nuwe hoof van die skool en jy het baie planne om dinge te verander.

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf of vertel wat jy alles gaan doen en hoe jy dit alles gaan doen.

Dink aan die volgende:

- Watter planne het jy om 'n goeie skoolhoof te wees?
- Watter probleme in die skool gaan die meeste aandag kry?
- Watter reëls gaan jy verander?
- Hoe gaan jy die skool 'n beter plek maak? **[40]**


## 1.3 EK IS TROTS SUID-AFRIKAANS

Jy is ŉ trotse Suid-Afrikaner wat graag vir ander Suid-Afrikaners wil vertel waarom hulle ook trots op ons land moet wees.

Skryf ŉ opstel waarin jy die dinge in ons land, waarop almal trots kan wees, beskryf of daarvan vertel.

Dink aan die volgende:

- Watter mooi dinge is daar in ons natuur?
- Watter prestasies behaal ons sportspanne?
- Hoe goed leef ons as reënboognasie saam?
- Hoe goed is ons sangers en ander kunstenaars?



[Uit: *Clipart*]

**[40]**

## 1.4 MY TOEKOMSPLANNE

Almal wil graag eendag ŉ gelukkige toekoms hê. Jy wil ook ŉ gelukkige toekoms hê en daarom begin jy al vroeg planne maak om eendag te kry wat jy wil hê.

Skryf ŉ opstel waarin jy jou planne vir die toekoms beskryf of daarvan vertel.

Dink aan die volgende:

- Watter werk wil jy eendag doen?
- Hoeveel geld gaan jy verdien?
- Wat gaan jy alles met jou geld koop?
- Watter planne het jy vir jou familie?




**[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ʼn opstel daaroor.

Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ʼn TITEL.

Jou opstel moet verband hou met die prent.

1.5.1



[Uit: *Google Images*] **[40]**

1.5.2



[Uit: *Art Explosion*] **[40]**

1.5.3



[Uit: *Clipart*]

**[40]**

1.5.4



[Uit: *Art Explosion*]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

### VRAAG 2


2.1 **RESENSIE**

Jy het ʼn goeie film gaan kyk en wil graag ander jongmense aanmoedig om ook na die film te gaan kyk.

Skryf ʼn RESENSIE oor dié film.

Gebruik die opskrifte hieronder:

- Titel van die film
- Name van belangrike karakters
- Die storielyn
- Die tema/boodskap
- Waarom ander jongmense dit ook moet sien



[Uit: *Clipart*]

**[20]**

2.2 **FORMELE AANSOEKBRIEF**

Jy het die volgende advertensie vir ʼn werk in ʼn koerant/tydskrif gesien en wil graag die werk hê.

Skryf ʼn brief om aansoek te doen vir dié werk.

***PEN & PAPIER Skryfbehoeftes***

*Pen & Papier Skryfbehoeftes* het ʼn vakature vir ʼn klerk.

Aansoekers moet die volgende hê:

- Graad 12-sertifikaat
- Bestuurderslisensie

Aansoekers moet:

- goed kan kommunikeer in enige twee amptelike landstale
- met ʼn rekenaar kan werk

Skryf ʼn brief aan mnr. Thobedi, die personeelbestuurder, om aansoek te doen.

Adres:
Die Personeelbestuurder
*PEN & PAPIER Skryfbehoeftes*
Posbus 83245
Johannesburg
2000

**[20]**

2.3 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy woon op ŉ dorp waar munisipale dienste swak is. Die paaie is vol gate, die strate is vuil en die gras in die parke is baie lank. Jy het besluit om iets aan die saak te doen.

Skryf ŉ brief aan jou vriend/vriendin en vertel wat jy gedoen het om julle munisipaliteit te help.


Dink aan die volgende:

- Waarom het jy begin help?
- Wat het jy gedoen?
- Wie het jou gehelp?
- Hoe lyk dit nou? **[20]**

2.4 **DIALOOG**

Jy het jou Afrikaanse opstel by die huis vergeet. Jy moet vir die Afrikaanse onderwyser verduidelik hoekom jy nie jou boek by jou het nie.

Skryf die gesprek tussen jou en die onderwyser neer.



[Uit: *Art Explosion*]

Begin die gesprek só:

Onderwyser: Waar is jou opstel?
*(Reël oop)*
Ek: Ek het dit …
*(Reël oop)*
Onderwyser: …
*(Reël oop)*
Ek: …
*(Reël oop)*

LET WEL: Laat ŉ reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: KORTER TEKS**

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

**VRAAG 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Hoërskool Fekeza gaan 'n Meneer-en-Mejuffrou-Fekeza-kompetisie hou.

Maak 'n plakkaat om die kompetisie te adverteer.


[Uit: *Clipart*]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer gaan die kompetisie gehou word?
- Wie gaan die musiek maak?
- Hoeveel is die toegangsgeld?
- Watter pryse kan gewen word?
- Watter eetgoed gaan te koop wees?

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jou broer gaan aan die einde van die jaar sy universiteitsgraad ontvang.
Jy wil vir hom 'n formele partytjie reël om dit te vier.

Skryf 'n formele uitnodigingskaartjie en nooi die gaste uit.

Dink aan die volgende:

- Wie word genooi en wat is die geleentheid?
- Hoe laat begin die partytjie?
- Waar gaan die partytjie wees?
- Wie is die kontakpersoon?
- Watter tipe klere moet die gaste aantrek?

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**


3.3 **POSKAART**

Jy het die afgelope naweek vir jou familie op ŉ ander dorp gaan kuier. Jy het per taxi of bus daarheen gereis.
Die taxi of bus het ver van die dorp af gebreek.
Terwyl julle moes wag vir hulp, het jy vir jou maat ŉ poskaart geskryf.

Skryf ŉ poskaart aan ŉ maat. Vertel hom of haar wat tydens die reis gebeur het en wat julle gedoen het.

Teken die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.

LET WEL: Onthou om jou maat se adres op die poskaart te skryf.




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**